**Die Heilige Gees maak ons deelagtig aan die beloftes van God**

**Lees: Johannes 16: 5 – 15** **Teks**: **Johannes 16: 13**

As Gereformeerdes, is ons soms geneig om baie minder aandag aan die werk van die Heilige Gees te gee as wat sekere ander kerke doen. Dit beteken nie dat ons die Heilige Gees verwerp of ontken nie, maar die aandag word soms baie meer op die Vader en die Seun gevestig.

Besef jy egter wie die Heilige Gees is, wat Hy vir jou doen asook die kerk en die wêreld rondom jou? Oor wie die Heilige Gees is, is daar geen twyfel nie. Hy is deel van die Drie-eenheid, Hy self is God en soos die Vader en die Seun het die Heilige Gees ook 'n spesifieke werk hier op aarde.

In Hoofstuk 13 van Johannes het Jesus aan die dissipels vertel dat Hy hulle gaan verlaat. Daar is onsekerheid en verwarring by hulle. Hulle wonder oor wat hulle gaan doen as Hy nie daar is nie. Jesus vertel Sy dissipels in hoofstuk 14 dat Hy hulle 'n ander Trooster sal stuur. Daarom hoef hulle nie te vrees of onseker te wees nie.

In hierdie omstandighede kom Jesus en vertel hulle in vers 5 dat Hy van hulle weggaan, maar niemand vra waar gaan Hy heen nie. Vers 6 is duidelik hoekom. Hulle harte is met droefheid vervul.

Vers 7 sê Jesus iets heeltemal onverstaanbaar. Dit is vir hulle voordelig dat Hy weggaan. Hoe so? Want as Hy nie weggaan nie, dan kan die Trooster nie kom nie. Die Trooster is die Heilige Gees, die Parakleet, die Waarborg. Na die kruisdood van Jesus en Sy opstanding, is Sy werk hier op aarde voltooi. Dan begin die werk van die Gees in alle erns. Dit beteken nie dat die Gees nie gewerk het nie. Maar daar is iets spesifiek wat die Gees moet doen.

Die werk van die Gees is om die wêreld te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (v8). Dit doen Hy sodat die wêreld tot die besef kan kom van hulle sonde, van die feit dat hulle hulle moet bekeer en van die feit dat daar oordeel oor die wêreld gaan kom.

Meer nog is die feit dat as Jesus nie meer by hulle is nie kan die Gees ook kragtig in hulle werk. Nou lewe hulle in afhanklikheid van Jesus. Maar as Hy nie daar is nie, dan moet hulle onder leiding van die Heilige Gees hulle werk self doen met self vertroue.

Hoe het hulle lewens nie verander na die uitstorting van die Heilige Gees met Pinkster. Petrus se toespraak in die Ilaargange van Salomo op Pinkster dag. Sy optrede voor die Joodse Raad saam met Johannes in Handelinge 3. Eenvoudige vissermanne voor geleerdes, en hulle tree met wysheid en krag op.

Maar die werk van die Heilige Gees is nie anders vandag nie. Deur jou en my, werk die Gees deur die verkondiging van die Woord. Hy gebruik ons lewens as voorbeelde vir ander om mense nader aan die kerk te trek. Hy vertel deur ons woorde en dade aan die wêreld van die sonde en die geregtigheid en die oordeel wat gaan kom.

Net soos die Apostels word ons gebruik as instrumente in die wêreld om ‘n verskil te maak. Ons as individue, by die werk en die skool, by die huis en by die kerk.

Ons het ‘n roeping en taak in hierdie lewe om gehoorsaam te wees en die leiding van die Heilige Gees te aanvaar.

Jy hoef nie bang te wees en te vrees nie. Vers 13 ons teksvers leer ons dat Hy in ons sal werk, en ons sal lei, en die waarhied van die Evangelie sal in hierdie wêreld uitgedra word. Hy sal ons ook oortuig van die dinge wat kom, die swaarkry en vervolging. Die belofte dat Hy ons sal bystaan word ook aan ons bevestig. Verder leer en vertroos Hy ons van die toekomspad. Die feit dat daar eendag ‘n einde gaan kom aan al hierdie dinge en dat ons saam die ewigheid sal binne gaan.

Die pad vorentoe is nie ‘n pad van onsekerheid en vrees nie. Dit is ‘n pad van troos en sekerheid omdat die Trooster, die Gees van God jou bystaan en lei. Hy skenk aan jou krag en verstand om te weet en te verstaan dat daar iets veel heerliker vir jou wag, die ewigheid in die teenwoordigheid van jou Vader en Sy Seun, te midde van die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

**Ds. Neville Boy**
**14 Oktober 2018**